

'n Brief aan my kleinkinders op Menseregtedag

Nico Koopman*

Liewe kleinkinders. Ek het 'n rukkie gelede vir julle gesê dat julle baie skrywes van my gedurende hierdie geskiedkundige jaar in Suid-Afrika sal ontvang. Hierdie jaar vier ons 30 jaar van demokrasie. Op 21 Maart elke jaar vier ons Menseregtedag. Op hierdie dag in 1960 het die polisie van die apartheidsregering van Suid-Afrika mense vermoor wat in Sharpeville teen die regime betoog het. Dié dag is sedertdien Sharpeville-dag genoem, maar is hernoem na Menseregtedag om te benadruk dat die tragiese voorval in Sharpeville nooit weer moet gebeur nie.

Menseregte is 'n deurslaggewende instrument wat enersyds waardigheid, genesing, geregtigheid, vryheid en gelykheid vir almal beskerm en dit andersyds bevorder. Drie dimensies van regte word erken, naamlik eerstedimensie- burgerlike en politieke regte, tweededimensie- sosio-ekonomiese regte, en derdedimensie-omgewings- en ontwikkelingsregte.

Gedurende die afgelope 30 jaar het ons goeie vordering gemaak met die implementering en vervulling van eerstedimensie- burgerlike en politieke regte. Alle burgers van Suid-Afrika geniet burgerlike regte. Niemand word meer as 'n tweedeklasburger beskou nie. Die tragedie van Sharpeville het plaasgevind omdat die burgerlike regte van swart Suid-Afrikans nie erken is nie. Swart mense moes passe dra in die land van hul geboorte. Op 21 Maart 1960 het hulle geprotesteer teen die dra van sulke onmenslikende en vernederende dokumente.

Ons het al vir 30 jaar gelyke burgerlike en politieke regte. Ons het 'n inklusiewe en deelnemende demokrasie. Ons neem aan verkiesings en ander besluitnemingsprosesse deel. Ons het vryheid van beweging. Ons het strukture soos die Menseregtekommissie, die Geslagsgelykheidskommissie, die Openbare Beskermer en die Konstitusionele Hof geskep om burgerlike en politieke regte te bevorder.

Om hierdie regte te hê is 'n groot prestasie. Makro-apartheid het ons in verskillende bevolkingsgroepe volgens ons velkleur georganiseer. Verskillende kleurgroepe is gedwing om in aparte woonbuurte te woon. Ons kon ook nie verlief raak en oor kleurgrense trou nie. Die Bevolkingsregistrasiewet, die Groepsgebiedewet en die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike was die hoekstene van apartheid.

Destyds is verskeie mikro-apartheidswette ontwikkel op grond van jou velkleur. Dit het bepaal waar jy gebore kon word, waar jy skool toe kon gaan, waar jy kon speel, op watter strand jy kon swem, in watter hospitaal jy versorg kon word, in watter hotel jy kon bly, in watter restaurant jy kon eet, waar jy begrawe kon word, deur watter deur jy 'n poskantoor kon binnegaan, hoeveel staatsubsidie jy vir onderwys en welsyn kan ontvang, en in watter deel van die land jy kan woon.

Ek onthou met hartseer hoe ons nie al die strande in Suid-Afrika kon geniet nie. Op die strand in die Strand was twee tekens naby mekaar – die een wat Slegs Blankes gelees het, en die ander een, Geen Honde Toegelaat. Honde en mense van kleur is nie toegelaat nie. Ek onthou hoe wyle mnr Wessel Jenneke, 'n skoolhoof van Danielskuil in die Noord-Kaap, vertel het: "Elke keer as ek saam met my kinders deur Barkly-Wes ry op pad Kimberley toe, vra hulle of ons die pragtige vakansieoord langs die Vaalrivier kan besoek. Dan sê ek net vir hulle ons het nie tyd om dit te doen nie. Ek kan nie die moed bymeaarskraap om vir hulle te sê hulle word as minderwaardige mense beskou en mag dus nie daardie oord betree nie."

Kinders, ek deel dit met julle om nie negatiewe emosies by julle uit te lok nie, maar om julle te laat verstaan waarom dit vir ons so belangrik is om Menseregtedag te vier. Menseregtedag sê vir ons dat

ons nie sal teruggaan na die donker dae van diskriminasie en ontmensliking nie. Ons gaan eerder saam vorentoe na 'n samelewing van waardigheid vir almal. Ons moet hierdie regte onthou, vier en daarvoor opstaan. Hulle sal nie outomaties op hulle plek bly nie.

Met die aanbreek van demokrasie en die aanvaarding van 'n Grondwet met 'n Handves van Regte, kan ons breek met die skending van menseregte en menswaardigheid in die verlede. Hoewel ons nie volle burgerlike en politieke bevryding bereik het nie, het ons ver gevorder.

Ons het gedurende die afgelope dertig jaar minder gunstige vordering gemaak met die vervulling van sosio-ekonomiese regte. Ons is nie net die wêreldkampioen in rugby nie. Ongelukkig is ons ook wêreldkampioen wanneer dit kom by sosio-ekonomiese ongelykheid. Volgens sommige peilings het ons wêreldwyd die grootste gaping tussen die besitters en die besitloses. Sommige beskou Stellenbosch selfs as die dorp met die grootste gaping tussen ryk en arm in die wêreld. Hoewel dit nie meer uitsluitlik so is nie, loop sosio-ekonomiese ongelykheid steeds grootliks langs kleurgrense. Hoewel ons almal, in terme van burgerlike en politieke regte, toegang tot die noodsaaklikhede en lewensgoedere het, kan baie dit nie bekostig nie en word hulle steeds uitgesluit. In 'n sekere sin is politieke apartheid dood, maar sosio-ekonomiese apartheid leef nog voort.

Baie werk moet gedoen word om die implementering van sosio-ekonomiese regte te bevorder. Twintig jaar gelede het ek saam met ander teoloë, regsgeleerdes, ekonome en sosioloë aan 'n navorsingsprojek by die Universiteit Stellenbosch deelgeneem oor die ontwikkeling van teorieë wat die implementering van sosio-ekonomiese regte kan bevorder. Sulke teorieë is dringend nodig om sosio-ekonomiese welstand vir almal te bou. Die Duitse filosoof, Immanuel Kant, het gesê daar is niks so prakties soos 'n goeie teorie nie. Die bou van goeie teorieë wat tot goeie beleide, praktyke en samelewingsgewoontes lei, is een manier om sosio-ekonomiese welstand vir almal prakties te bevorder.

Ons moet ook meer as Suid-Afrikaners daaraan werk om die implementering van derdedimensie-omgewings- en ontwikkelingsregte te bevorder. Ons moet die inherente waardigheid, waarde en prag van die sogenaamde nie-menslike deel van die skepping koester en respekteer. Ons moet beklemtoon dat daar nie sprake van menswaardigheid is sonder om oor die waardigheid van diere, plante en die natuur te praat nie. So 'n fokus sal verseker dat die holistiese ontwikkeling van mense nie ten koste van die natuur plaasvind nie. Dit sal ons ook help om die hoë vlakke van natuurmoord te verminder – die uitwissing en vernietiging van die natuurlike omgewing, waardeur ons ook onself en die komende geslagte vernietig. As ons omgewingsregte afskeep, steel ons van die toekoms. Ons steel van julle en jul nageslag wat in hierdie wêreld moet lewe lank nadat ons weg is.

Kleinkinders, menseregte is derhalwe 'n kwessie wat oor geslagte heen strek. Deur regte te eerbiedig, eer ons vorige geslagte wat soveel opgeoffer het vir 'n wêreld van menswaardigheid en menseregte. Ons eer ook ons tydgenote. En ons eer môre se kinders.

Regte impliseer dat ons verantwoordelikheid aanvaar. Daar is geen reg wat nie ook van ons verg om verantwoordelik op te tree nie. Regte floreer waar daar verantwoordelike burgers en leiers op alle lewensterreine is. Menseregte floreer ook waar daar deugdelike mense is. Ons moet deugdelike mense met gewoontes van waardigheid, aanvoelings van genesing, geneigdheid tot geregtigheid, inklinasies van vryheid en neigings van gelykheid koester, met ander woorde mense met burgerlike en openbare deug. Kinders, kom ons omarm op hierdie Menseregtedag en daarna regte, verantwoordelikhede en deugde sodat Suid-Afrika kan floreer, sodat die wêreld kan blom – van geslag tot geslag!

*** Prof Nico Koopman is Viserektor: Sosiale impak, Transformasie en Personeel aan die Universiteit Stellenbosch.**